

Kyk wie is 'Die Burger' se Bruid van die Jaar vir 2022

Tydens 'n gesellige skemerkelkie Donderdagaand in Media24 se pragtige Nasdak is *Die Burger* se Bruid van die Jaar vir 2022 eendelik aangekondig. Nie eens die Kaapstadse koue of wind kon 'n demper plaas op die groot opgewondenheid onder finaliste nie.

Akteur Dean John Smith het as seremoniemeester opgetree en die gehoor behoorlik laat skater met sy kwinkslae. Deelnemers aan die kompetisie en gaste het die aand saam geniet.

Die wenners

Om uiteindelik die wenbruid te bepaal, was harde werk vir ons beoordelaars. Dit was vir *Die Burger* belangrik dat die wenner nie net mooi is of goeie smaak het nie, maar ook 'n ambassadeur vir die koerant kan wees en met trots en waardigheid ons naam kan uitdra.

Vanjaar se beoordelaars was Tammy van Zyl, *Die Burger* se advertensie- en bemarkingsbestuurder, Bianca Bezuidenhout, ambassadeur van Forward Foundation en voormalige Mej. Suid-Afrika-finalis, en Courtney Cupido, *Die Burger* se bemarkingskoördineerder.

Baie dankie aan die beoordelaars wat hierdie groot taak onderneem het. Die onderhoude het in twee fases plaasgevind. Die beoordelaars het eers die bruide digitaal ontmoet en daarna op die aand by die geleentheid weer onderhoude gevoer om in persoon te kan besluit wie die geskikste kandidaat is om met dié gesogte kroon weg te stap.

Louise Scott is as wenner aangewys, Andrea Steenkamp in die tweede plek, Danél Viljoen in die derde plek en Anri Greyling was die leserskeuse-wenner.



Akteur Dean John Smith was die seremoniemeester vir die aand.



Hier is Bianca Bezuidenhout by Anri Greyling, die leserskeuse-wenner.

Baie dankie

Ons wil graag almal wat deel gehad het aan die geleentheid bedank asook die prysborger:

- **AMC Classic**, wat die groot prys van 'n pottestel ter waarde van R25 000 aan die wenbruid geskenk het,
- **Tafelberg Meubels** vir die geborgde Jamie Oliver-pan ter waarde van R2 499.



Louise Scott is as *Die Burger* se Bruid van die Jaar 2022 gekroon.

Foto's: NATALIE GABRIELS PHOTOGRAPHY

- **Strand by Obaku** vir die luukse Sunset Rose-horlosie,
- **Rozanne Serdyn** (www.rozanneserdyn.com) wat die pragtige blomkroon verskaf het,
- **Spectacle World** wat die wenner bederf met 'n bril van haar keuse ter waarde van R5 000,
- **Singer Hotel Group** wat vir haar en haar bruidegom twee nagte se verblyf by die Dolphin

Beach Hotel in Bloubergstrand gee. 'n Heerlike ontbyt en aandete by die Blowfish-restaurant is by laasgenoemde ingesluit.

● **Simonsig** wat aan elke finalis 'n bottel MCC Cuvée Royale gegee het.

SHZEN, Plush Dolphin Beach Hotel en Food Lover's Market het vir die leserskeuse-wenner se pryse gesorg.



Van links is Tammy van Zyl (*Die Burger* se advertensie- en bemarkingsbestuurder en beoordelaar), Andrea Steenkamp (tweede), Louise Scott (wenner), Danél Viljoen (derde) en Bianca Bezuidenhout (voormalige Mej. SA-finalis en beoordelaar).



Van links agter is Anri Greyling, Andrea Kruger, Mira Laubscher, Grethe Burger, Simoné Roux en Heleen Rossouw. Voor van links is Andrea Steenkamp, Louise Scott, Danél Viljoen, Rista-Mari Muller en Marti Loots.

